

Die eerste drie en 'n half jaar van die Sewe Jaar Groot Verdrukking!



Open 9:3 En uit die rook het daar **sprinkane** uitgekóm op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die **skerpioene** van die aarde mag het.

Open 9:17 En só het ek in hierdie gesig die **perde** gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En **die koppe van die perde was soos leekoppe**, en **uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan**.

Open 9:19 want hulle **mag** is in hulle **bek** en in hulle **sterte**; **want hulle sterte is soos slange en het koppe**, en daarmee rig hulle skade aan.

Die eerste drie en 'n half jaar van die sewe jaar Groot Verdrukking.

Die Sewe Basuine:

Ons kry in Openbaring 8 te doen met die opening van die sewende seël.

Open 8:1 En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar **stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank.**

Hierdie stilte is in skrilte kontras met die vreugdevolle klanke van die ouderlinge en engele wat hul lofprijsing in die vorige hoofstukke sing. Daar is 'n geheiligde spanning, selfs in die hemel. Dit kan ook "die stilte voor die storm" genoem word. Die sewende seël wat so pas oopgemaak is, bevat die verskriklikste oordele tot nog toe.

Open 8:2 En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee.

In hierdie visioen sien Johannes sewe basuine wat aan sewe engele gegee word. Die sewe basuine is simbolies van toekomstige wêreldgebeurtenisse. Dit is plaes wat God letterlik as straf vir die euwels van hierdie wêreld stuur. Die sewe engele wat in God se teenwoordigheid staan, is werklike persoonlikhede, en nie net beelde of simbole uit Johannes se verbeelding nie. Hulle is die mees senior engele, hierdie sewe "aartsengele" met die rang van "gerub".

Hierdie "basuine" is nie identies aan of gelyktydig met die sewe seëls nie. Hulle volg ook nie die toemaking van die sewende seël nie, maar is en vorm die sewende seël. Hierdie sewende seël kom dus in sewe agtereenvolgende stadiums voor, en elk van die sewe stadiums of dele word 'n basuin genoem.

Voordat die basuine egter geblaas kan word, om die oordele te voltrek, het " 'n ander engel" verskyn.

Open 8:3 En **‘n ander engel** het gekom en met **‘n goue** wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;

Open 8:4 en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.

Die goue wierookbak was net deur die hoëpriester in die binneste heiligdom in die rite van gebed gebruik. Dit was hierdie gebeds-offerfunksie vir die verwagte Messias wat deur die Ou-Testamentiese wierookaltaar uitgebeeld is. Ons glo dat hierdie 'engel' niemand anders is as Christus wat in sy bediening as hoëpriester funksioneer.

Nadat Christus die gebede van die gelowiges aan die Vader geoffer het, vul Hy die goue wierookbak met vuur van die altaar en stort dit op die aarde.

Open 8:5 En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en *donderslae* en *weerligte* en *aardbewing*.

Nie *een hiervan* word bedoel om enig iemand te vernietig nie, maar om die mense op aarde te waarsku dat verdere oordele sal volg.

Open 8:6 En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas.

Die eerste vier basuine word geblaas en die natuur word getref:

Open 8:7 En die **eerste engel** het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En **‘n “derde”** van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.

[DIE SEWENDE PLAAG IN EGIPTE WAS HAEL !!!!!

Exo 9:24 En daar was hael en onophoudelike vuur binne-in die hael, baie swaar, soos in die hele Egipteland nooit gewees **het vandat dit aan 'n volk behoort het nie.**

Exo 9:25 En die hael het in die hele Egipteland geslaan alles wat in die veld was, mense sowel as diere. Ook het die hael al die plante van die veld geslaan en al die bome van die veld verbreek.]

Vir Johannes wat nie van interkontinentale ballistiese missiele weet het nie, moes die slagting wat hy gesien het, gelyk het soos hael en vuur met bloed gemeng wat deur die atmosfeer beweeg. Hierdie soort 'vuurstorms' wat sulke groot dele van vastelande verniel, kan slegs veroorsaak word deur 'n geweldige kernoorlog tussen nasies soos Rusland, die VSA, Israel, Groot-Brittanje, Frankryk, Iran, Pakistan en Libië.

Die omvang van die skade wat op ons planeet aangerig sal word, is bykans ongelooflik. Wetenskaplikes weet nie presies wat die volle omvang van die dodelikheid en skade sal wees as talle termokernploffkoppe in 'n kort tydjie naby mekaar sou ontplof nie. Een van die gevolge waaroor kernwetenskaplikes egter almal saamstem, is dat dit 'n beperkte kettingreaksie brande van ont-saglike geografiese omvang sal veroorsaak. Termiese straling kom ook voor en mense en diere binne 'n straal van sowat 19 kilometer vanaf grondzero (waar die bom gedetoneer het) kan veras word. Honderde duisende mense sal binne 'n tydperk van dae en 'n paar weke sterf. Sanitasie sal oorweldig wees en plaes sal uitbreek. Die gebrek aan onbesoedelde drinkwater sal spoedig die sterfte van tienduiseende meer veroorsaak.

'n **Derde** van die planeet se noodsaaklike hulpmiddele word daar-deur uitgewis. Watter verskrikking sal dit wees as 'n derde van alle bome op die aarde deur vuur verteer word. Dink aan die hongersnood as alle gras en graan deur vuurstorms verbrand word. Daar bly geen koring, rys, hawer of gars oor nie. Die meeste vleisbeeste, melkkoeie, skape, bokke, varke, hoenders, ens. sal binne dae van honger, bestraling of vergiftigde water sterf.

Open 8:8 En die **tweede engel** het geblaas, en **iets soos 'n** groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. **En 'n**

derde van die see het **bloed** geword,
Open 8:9 en 'n **derde** van die lewende skepsele in die see het
gesterwe, en **'n derde van die "skepe" het vergaan.**

[DIE EERSTE PLAAG VAN EGIPTES WAS OOK BLOED !!!
Exo 7:19 Verder het die HERE met Moses gespreek: Sê vir Aäron:
Neem jou staf en steek jou hand uit oor die waters van die
Egiptenaars, oor hulle strome, hulle kanale, hulle wa-
terkuile en oor al hulle versamelplekke van water, sodat
dit bloed word: daar sal bloed in die hele Egipteland wees,
ook in hout— en in klipbakke.]

Hierdie teksvers praat van 'iets soos 'n groot berg wat brand.' Johan-
nes beskryf hierdie verskynsel soos dit vir hom gelyk het. Dit is
of 'n enorme meteor, of 'n aantal waterstofbomme. 'n Water-
stof- of termokernbom wat onder die see-oppervlakte ontplof, lyk
soos 'n groot vuurspuwende berg in die see. Afgesien daarvan
dat dit **'n derde van alle skepe vernietig**, dood dit ook 'n
derde van alle seelewe en word die see rooi van die dooies se
bloed.[Huidiglik verskeie dele in wereld is die see rooi,sien fotos]
As 'n moontheid weet dat hy op die punt is om aangeval te word met
missiele wat onderwater gevuur sal word van 'n onopgespoorde
duikboot, is die enigste manier om die dreigende duikbote betyds
te vernietig deur 'n massiewe termokernontploffing onder die
water te detoneer sodat die stygende waterdruk die duikboot sal
verbrysel.

Open 8:10 En die **derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat
soos 'n fakkel brand**, het uit die hemel geval, en dit het geval
op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine.

Open 8:11 En die naam van die ster word genoem Alsem; en
'n derde van die waters het als geword, en baie mense het
gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het.

Die Griekse woord wat as "ster" vertaal is, kan letterlik 'n ster, 'n as-
terioïde of 'n meteor beteken. Dis egter moeilik om te verstaan
hoe 'n enkele ster in **'n derde van die varswaterriviere,
mere en poele oor die hele wêreld val**. Wat dit ook al is,

dit besmet 'n derde van alle vars water op die aarde. Met geen vars water op 'n derde van die aarde se oppervlak om te drink nie, sal tienduise van dors sterf.

Open 8:12 En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so.

[DIE NEGENDE PLAAG IN EGIPTES WAS DUISTERNIS !!!!

Exo 10:22 **Toe Moses sy hand uitsteek na die hemel, kom daar 'n** dik duisternis in die hele Egipteland, drie dae lank.

Exo 10:23 Die een het die ander nie gesien nie, en niemand het van sy plek opgestaan nie, drie dae lank. Maar al die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad.]

Met die ontsaglike hoeveelhede afval wat van die talle kernontploffings in die atmosfeer sweef, tesame met die rook en roet van die miljoene bome wat verbrand het, sal die meeste van die lig uit die buitenste ruimte verdof.

Die nadraai hiervan op die landbou kan nie presies bereken word nie, maar dit sal geweldig vernietigend wees. Miljoene mense sal weens die daaropvolgende hongersnood sterf.

Die uitwerking van al hierdie enorme tragedies binne so 'n kort tydjie sal ongelooflik op die emosionele stabiliteit van die mens inwerk. Duisende sal totale geestelike ineenstortings kry.

Open 8:13 En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel **van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee** hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!

Die laaste drie basuine word "wee" genoem omdat hulle verskriklike weë op die aarde sal bring. Daar sal groot vernietiging van menslike lewe en natuurlike hulpbronne wees. En wanneer hierdie weë verby is, sal net God die skade kan herstel wat aan die oppervlakte van die aarde veroorsaak is. [wee = smart ramp pyn verdriet]

In die Ou Testamentiese tyd is 'n basuin gebruik om 'n tyd van onheil en oorlog aan te kondig.

Jer 4:19 o My ingewande, my ingewande, ek moet bewe van angst!
o Mure van my hart! My hart steun in my, ek kan nie swyg nie;

want jy, my siel, het basuingeluid gehoor, oorlogsgeskreeu!

Jer 4:20 Verwoesting op verwoesting word uitgeroep, want die hele land is verwoes; skielik is my tente verwoes, my tentdoeke in 'n oomblik.

Sef 1:16 'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoekvestings.

'n Basuin is dus 'n simbool van oorlog en verwoesting !!!

So beeld die laaste drie basuine spesifiek drie fases van 'n komende 3de wêreld oorlog ARMAGEDDON Opb 16 vers 16.

Die vyfde basuin of eerste weë.

Open 9:1 En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee.

Open 9:2 En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.

Open 9:3 En uit die rook het daar sprinkane (demone) uitgekome op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het.

Open 9:4 En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie. (Wat die merk van die Antichris op die voorhoofde en regterhand het - Open 13:17&18)

Open 9:5 En dit is aan hulle (die demone) gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek.

Open 9:6 En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug. (Alle selfmoord pogings sal misluk)

Open 9:7 En die voorkoms van die sprinkane (demone) was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense.

Open 9:8 En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus. [sien uitbeelding voorblad skets]

Open 9:9 En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog.

Open 9:10 En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen.

Open 9:11 En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion (Satan).

Open 9:12 Die een weë het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë. [Wee = SMART RAMP PYN EN VERDRIET .]

Die bose geeste uit die put van die afgrond sal vir 'n kort tydjie hul vryheid kry. 'n Engel sal die put oopsluit en die bose geeste sal soos sprinkane daar uitpeul. Die bose geeste uit die onderwêreld sal dan 'n tyd lank op die aarde lewe en sal soos sprinkane lyk en mag hê om die mense wat nie die seël van God op hulle voorhoofde het nie, vyf maande lank te pynig. Hulle sal die Antichris se mense soos skerpioene steek en in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie. Hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle weglug. [OPENBARING 9 Vers 6]

Die sesde basuin of tweede weë

Open 9:13 En die **sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor** uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is,

Open 9:14 en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. (Skeiding tussen Ooste en Weste.)

Open 9:15 Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om **'n derde van die mense dood te maak**. Huidige populasie 7miljard.

Open 9:16 En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tien duisend maal tien duisend; en ek het hulle getal gehoor. [200 miljoen]

Open 9:17 En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeu koppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. (Moderne wapentuig - scud missiele, oorlog tenks, ens.)

Open 9:18 Deur hierdie drie plae is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het; [SIEN VOORBLAD SKETS]

Open 9:19 want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan. (Moderne wapentuig.)

Open 9:20 En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie.

Open 9:21 En hulle het hul nie bekeer van hul **moorde** (sesde gebod) en hul **towerye** (eerste gebod) en hul **hoerery** (sewende gebod) en hul **diefstalle** (agste gebod) nie.

Tenspyte van die toorn en grimmigheid van God oor 'n goddelose mensdom, het die mense nog steeds voortgegaan in hul sondes van moord, towery, hoerery en diefstal.

Volgens die Woord van God - geen huidige of toekomstige vrede vir Suid Afrika of die hele wêreld nie.

1Thes 5:3 Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval **'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.**

Die grimmigheid en toorn van God

Nah 1:2 'n Jaloerse God en **'n wreker is die HERE**, 'n wreker is die HERE, **en vol grimmigheid**; 'n wreker is die HERE vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande.

Nah 1:3 Die HERE is lankmoedig, maar groot van krag; **en nooit laat die HERE ongestraf bly nie.** Sy weg is in warrelwind en in storm, en wolke is die stof van sy voete.

Nah 1:6 **Wie sal standhou voor sy grimmigheid?** En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom.

Psa 119:120 My vlees sidder van skrik vir U, en ek vrees vir u oordele.

Open 6:17 **want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?**

Die vier groot sondes van Open 9:21

Open 9:21 En hulle het hul nie bekeer van hul **moorde** en hul **towerye** en hul **hoerery** en hul **diefstalle** nie.

Openbaring 9:21 noem die vier belangrikste sondes gedurende die tydperk van verdrukking. Dit is nie blote toeval dat hierdie vier sondes deesdae vier van die ernstigste probleme is waarmee polisiemagte wêreldwyd te kampe het nie.

Moord

Die eerste kenmerkende sonde is moord. Daar is 'n verontrustende toename daarvan in ons land en dwarsoor die wêreld. Moontlik weens sosiale permissiwiteit, gebrek aan straf of gebrek aan geloof. Een faktor is die verwerping van absolute standaarde van reg en verkeerd. [huidiglik 90 moorde in SUID-AFRIKA elke dag]

Wanneer 'n kind sy hoërskool loopbaan voltooi, het hy reeds 22,000 uur voor die Televisie deurgebring, en reeds meer as 18,000 moorde op Televisie gesien,

Vanaf 1973-**2003 was daar 'n toename van 995% in geweldsmisdaad.** Huishoudelike geweld is wyer verspreid as ooit vantevore. Jaarliks word tussen 2 en 4 miljoen vroue aangerand; 1,500 vroue word deur hul intieme maats vermoor; 1,8 miljoen bejaardes en 1,7 miljoen kinders is die slagoffers van mishandeling.

Daar word **jaarliks 16 miljoen 42 duisend vyfhonderd aborsies** in die VSA uitgevoer. [=4,500 per dag.]

Die hoeveelheid tiener selfmoorde het met 200% gestyg. Daar is 'n geweldige toename in kinders wat hul ouers vermoor. [HOU MAAR DIE TV EN NUUSBLAAIE DOP !!!!]
Mar 13:12, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak. [profesieë in vervulling !!!]

Towery

Die tweede ernstige sonde tydens die verdrukking sal dwelmverbonde okkulte aktiwiteite wees. Die woord "towery" word in Open 9:21 gebruik. [Geweldige toename op Televisie]

Jes 47:13 Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red—die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom.

Dwelmgebruik onder tieners het sedert 1992 meer as verdubbel en daar is 11% wat daarop aanspraak maak dat hulle elke maand dwelms gebruik. Dit is egter nie net die gebruik van dwelms deur tieners wat toegeneem het nie. Jong Amerikaanse vroue gebruik meer dwelms as ooit tevore. Nog 'n kategorie van gebruik wat die hoogte inskiet, is die gebruik van die sogenaamde ontwerpersdwelms soos meta-amfetamine. Daar is ook 'n sterk verband tussen dwelms en demoniese gebondenheid. Reeds in 1971 het die Internasionale Joernaal vir Sosiale Sielkunde gesê dat verslaafdes, veral van heroïne en alkohol by swart toorkuns betrokke raak.

Van alle hoërskool leerlinge het 78% reeds met die geesteswêreld kontak gehad deur Satanisme, "onskuldige" speletjies, ens.

Onsedelikheid

Die derde ernstige sonde tydens die verdrukking sal wydverspreide onsedelikheid wees. "Porneia," die Griekse woord wat in hierdie teksvers gebruik word, verwys na alle soorte seksuele aktiwiteite buite die huwelik. Daar sal 'n algehele ineenstorting van die huwelik as instelling wees. Ons almal kan duidelik sien dat dit al byna bewaarheid is. Die afgelope 10 jaar het **saambly buite die**

huwelik met 725% toegeneem.

1Tim 4:1 Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang

1Tim 4:3 wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.

Meer as 70 000 vroue word jaarliks in die VSA seksueel aangerand. Dit is een elke 45 sekondes.

Die hele wêreld stort halsoorkop in die moraliteit van Sodom en Gomorra [mans trou met mans en vroue trou met vroue = gewettigde huwelike] - en ongelukkig na dieselfde oordeel.

Buite-egtelike geboortes het met 419% toegeneem die afgelope dertig jaar. Die Time tydskrif sê dat, 984 meisies uit 'n duisend, wat na popmusiek luister, swanger raak. Net 16 uit 'n duisend raak nie swanger nie.

Gratis kondome word by skole uitgedeel.

Egskeidingsyfers het verdriedubbel.

Die aantal kinders wat in enkelouerhuise woon, het verdriedubbel.

Deur al hierdie dinge word die afgod Eros, die god van wel-lus en begeerte aanbid.

Diefstal

Die vierde kenmerk van die verdrukking sal diefstal van alle soorte wees. Hierdie misdaad - in al sy vorms - neem met rasse skrede toe. Deskundiges beweer dat 'n krisis ten opsigte van jeugmisdadig binnekort verwag word. Exo 20:15 die agtste gebod oortree.

Volgens 'n berig wat in Beeld verskyn het gedurende Jun 2008, voel misdadigers geregtig daarop om "te vat (steel) van mense wat meer as hulle het." So het gevonniste huisrowers in 'n studie aan navorsers gesê wat wou bepaal waarom hulle dié misdaad gepleeg het. Vir dié huisrowers is enig-iemand welvarend wat meer as hulle het.

" Luidens die polisie se jongste misdaad syfers, wat eergister by die Uniegebou in Pretoria bekend gemaak is, het huisrooftogte landwyd met 13,5% gestyg. Volgens 'n verslag deur die polisie oor dié misdadafsyfers tel drie Pretoriase woongebiede onder die 20 gevaarlikste woongebiede om in te bly wat betref huisrooftogte."

Eks 20:15 Jy mag nie steel nie. [DIE AGTSTE GEBOD]

Die sewende basuin lei tot die derde weë, en is dus die inleiding van die sewe skale of laaste drie en 'n half jaar van die Groot Verdrukking.



Published On: Sun, Sep 9th, 2012

Why Did China's Yangtze River Suddenly Turn Red? (Photos)

China's historical river, Yangtze, turned red and a lot of people started to ask the cause of it. It started on September 6, 2012 when residents in the city of Chongqing noticed a spreading stain of red which immediately caught their attention. Some even got a sample of it and put them in bottles to save it. [Opb 16:4... riviere...het BLOED geword.]





Azov Sea turned blood red -
Russia - 25/7/2012

Lake turned red in Camargue,
France - 13/8/2012

Opb 8:8(b)...en n DERDE van die SEE het BLOED geword.Opb 16: 3 En die tweede engel het sy skaal op die SEE uitgegooi,en dit **het BLOED geword...en al die** lewende wesens IN DIE SEE het gesterwe.**Mat 16:3(b)**... en kan julle nie DIE TEKENS VAN DIE TYE ONDERSKEI NIE ? MARANATA=JESUS KOM !!!



Opb 16: 4 En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die RIVIERE en op die waterfonteine,en dit het BLOED geword. Vers 6b en U [GOD] het aan hulle bloed gegee om te drink.(GOD waarsku die mensdom van sy komende oordele in die 7 jaar verdrukking.) Exo 7:17 **eerste plaag "NYL IN BLOED" verander !!!**



Water stream turns red.

San Jose beach in Peru - 6/4/2012
about 900 dolphins and porpoises died.

Beached dolphins Gulf of Mexico.



300 Dolphins dead in Black sea.

Opb 8:9 en n DERDE van die lewende skepsele in die see het gesterwe.. \GOD waarsku die mens met TEKENS van wat gaan kom !!! En dat die mens hom moet skik om sy GOD te ontmoet. Amos 4:12

(Oct 10) A post mortem examination on the 11ft female juvenile whale which died after it beached at Fraisthorpe in the UK showed it was many miles from its **usual feeding grounds and hadn't fed for some time. The Sowerby's beaked whale** died from a bacterial infection of the brain, called vibrio vulnificus.

Dead turtles washing ashore in Australia.



512 Penguins Wash up Dead in Brazil





Dead Fish in Ghana.



40 tons of dead fish in China.



100 tons of dead fish in Brazil.



1 Million dead fish wash ashore in Texas.

Luk 21:28 En as hierdie dinge begin gebeur, KYK DAN NA BO EN HEF JULLE HOOFDE OP, OMDAT JULLE VERLOSSING NABY IS. Mark 13:29 So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, DAT DIT NABY IS, VOOR DIE DEUR.

WAT IS NABY, EN VOOR DIE DEUR ???

Hand 1:11(b) Hierdie JESUS wat van julle opgeneem is in die hemel, SAL NET SO KOM SOOS JULLE HOM NA DIE HEMEL SIEN WEGVAAR HET. JOH 14:3 EN as EK gegaan en vir julle plek berei het, KOM EK WEER EN SAL JULLE NA MY TOE NEEM, SODAT JULLE OOK KAN WEES **WAAR EK IS.** \ 1 Kor 16:22(b) **“MARANATA”=JESUS KOM SPOEDIG TERUG.** \ Opb 22:20b JA, EK (JESUS) KOM GOU.



Dead birds fall from the sky, Louisiana. Jan 2011. And ever since all over the world. In Chicago Okt 2012.

Florida - Jan 2011



Vloede in Port Elisabeth - Okt 2012





Ten thousand cows dropped dead in Vietnam.



Dead cows in Wisconsin.



151 Bison found dead in Canada.



Hael - Oos Rand - Okt 2012



Aanhoudende massa vrektes van diere, voëls, visse en insekte wêreldwyd.

Hier onder is 'n lys van hierdie massavrektes die afgelope paar maande. Daar is aanhoudende *geheimsinnige* massavrektes in die diereryk die afgelope paar jaar . Dit is waar, diere vrek daagliks en dit is doodnormaal, maar nie in hierdie ongelooflike groot getalle nie. Ons glo dat dit een van die tekens van die tye is, en dat die koms van JESUS op hande is. GOD PRAAT met die mensdom, om homself in paraatheid te kry om sy GOD TE ONTMOET !!!

Pessiektes: Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke.

Oktober 2012 {Mat 24:7(b)..en daar sal pessiektes wees}

17de: Tien duisend herte vrek aan EHD [Epizootic hemorrhagic disease] [Michigan, DNR Reports](#)

90 dooie vis per voet, en steeds besig om te vrek in die *Neuse River*, North Carolina .

16de: [Parasiet en Fungus geblameer vir 8000 Brisbane River catfish, vrektes in Queensland , Australië.](#)

15de: Dolfyne, Skilpaaie en Walvishaai sluit aan by die lys van dooie of sterwende seelewe.

13de: Honderde tonne dooie Salm in *Scotland*. - [Scotsman.com](#)

11de: EHD infekteer herte en laat hulle vrek teen 'n onrusbarende tempo in *South Dakota* .

Hierdie siekte wat honderde herte in South Dakota laat vrek het, affekteer nou die beeste in daardie omgewing.

10de: EHD laat herte vrek reg oor Nebraska, 4,768 vrektes reeds aangemeld.

9 de: Vyfhonderd koeie en bokke vrek van *geheimsinnige* siekte in Kamrup, Indië. Eenhonderd+ koeie en bokke het ook binne een dag gevrek in die dorpies Srihati, Bathan en Bamundi .

Beeste vrek van onbekende siekte - Wyoming.

8 ste: Siekte laat honderde herte vrek in Noord Carolina.

7de: EHD bevestig in 25 dooie herte rondom die Moomaw meer, Virginia.

4de: *Geheimsinnige* vis vrektes by Coquitlam visplaas , Kanada.

Twee duisend en drie-en-veertig dooie herte in Illinois.

EHD bevestig in Montgomery herte, Graterford, Penssylvania.

Drie duisend dooie herte gerapporteer, Nebraska.

Honderd en een herte vrek aan EHD in Delaware.

Herte in Columbia en Rock Counties vrek van EHD, Wisconsin.

3de: Dosyne dooie duiwe rondom Birkenhead en Port Adelaide, Australia.

Missouri, 2,800 dooie wit stert herte.

Michigan, 8,500 herte vrek van EHD.

2de: Vier en veertig "Pilot Whales" vrek in massa-stranding op 'n verlate eiland. Savu, Indonesia .

Onbekende virus infekteer 14,050 eende, en vanaf 11 September

het daar alreeds 6,300 gevrek. China.

Honderde meerkatte vrek in oos-sentraal Arizona.

Geheimsinnige reeks haas vrektes in St Louis, Missouri.

Duisende visse **vrek in die Katherine Rivier, Australië.**

September {Mat 24:7(b)..en daar sal pessiëktes wees}

28 ste: Zombie bye neem Amerika se weskus oor.

25ste: Mpumalanga, ten minste 29 beeste vrek - [simptome=
bewe, verloor koördinasie en spierbeheer.]

24ste: Duisende skape vrek as gevolg van 'inenting' in Uzbek,
Kyrgyzstan.

Gebruik God die natuur om die mens te straf?

Het u al gehoor dat mense ongewone weersomstandighede en natuur rampe aan die 'buie' van 'Moeder-natuur' toeskryf? Hulle sou egter meer in die kol gewees het as hulle dit liever die wraak van 'Vader God' genoem het.

God gebruik die weer om te seën en ook om te vervloek. Meeste mense wat God nie ken nie, skryf alles toe aan astrologiese, geologiese en kataklismiese gebeurtenisse. Sommige skryf dit wel toe aan "an act of God", net om God dan te blameer vir wat ook al in daardie geval gebeur het.

Mense vra dikwels: "Hoekom sal God nou die weer gebruik om mense of nasies te straf?" Ander reken weer dat die 'God van liefde' nooit so wreed sal wees om so iets te doen nie.\Deut 27+28 Die vloeke en seeninge van GOD.

Die Woord van God is egter baie duidelik daarvoor dat God wél sy

skepping gebruik om Sy skepsels te straf wanneer hulle die perke en norme oorskry en goddeloos handel. Wanneer boosheid die norm raak kan die GOD van reg en geregtigheid, die Heilige GOD van hemel en aarde, sekerlik SY skepping gebruik om die mensdom tot hul sinne te probeer bring.

Luk 21:25 En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun,

Luk 21:26 en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.

Psa 11:6 Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën; en **‘n gloeiende wind sal die deel van hulle beker** wees.

Psa 83:16 vervolg hulle só met u storm en verskrik hulle met u stormwind.

Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.

Mat 24:8 **Maar al hierdie dinge is ‘n begin van die smarte.**

Jes 28:2 Kyk, die Here het een wat sterk en magtig is, **soos ‘n haelstorm, ‘n storm vol verwoesting, soos ‘n stortbui** van geweldige, oorlopende waters wat teen die grond gooi met krag.

Nah 1:3 Die HERE is lankmoedig, maar groot van krag; en nooit laat die HERE ongestraf bly nie. Sy weg is in warrelwind en in storm, en wolke is die stof van sy voete.

Nah 1:4 Hy dreig die see en maak dit droog en laat al die riviere opdroog; Basan en Karmel kwyng weg, en die groenigheid van die Líbanon verwelk.

Nah 1:5 Die berge bewe voor Hom, en die heuwels smelt

weg; en die aarde rys op voor sy aangesig, ja, die wêreld en almal wat daarin woon.

Nah 1:6 Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom.

Nah 1:7 **Die HERE is goed, 'n toevlug in die dag van benoudheid, en** Hy ken die wat by Hom skuil.

Nah 1:8 **Maar met 'n oorstromende vloed maak Hy 'n einde** aan die plek van die stad, en sy vyande vervolg Hy die duisternis in.

Job 37:9 Uit sy kamer kom die stormwind, en deur die wolk-verstrooiers koue.

Job 37:10 Deur die asem van God word ys gegee, en die wye waters lê vas in die engte.

Job 37:11 Ja, met volheid van water belas Hy die wolke, en Hy strooi ver en wyd sy liggende wolk;

Job 37:12 en dit skiet oral rond volgens sy bestel, sodat hulle alles doen wat Hy hulle beveel oor die wye wêreld rond:

Job 37:13 **óf tot 'n tugroede**, óf tot nut van sy aarde, óf tot weldadigheid laat Hy dit sy doel vind.

Jes 17:13 Nasies maak gedruis soos die gedruis van baie waters; maar Hy dreig hulle, en hulle vlug ver weg en word gejaag soos kaf van die berge voor die wind en soos strooi voor die stormwind.

Jes 17:14 In die aand—daar is verskrikking! Voordat dit môre word, is hulle nie meer nie. Dit is die deel van hulle wat ons plunder, en die lot van hulle wat ons beroof.

Jer 23:18 Want wie het in die raad van die HERE gestaan, dat hy sy woord sou sien en hoor? Wie het sy woord beluister en gehoor?

Jer 23:19 **Kyk, 'n storm van die HERE, grimmigheid het uitgegaan, ja, 'n dwarrelstorm! Op die hoof van die goddelose mense breek dit los.**

Jer 23:20 Die **toorn van die HERE** sal nie afgewend word

nie, totdat Hy uitgevoer en tot stand gebring het die raadslae van sy hart; aan die einde van die dae sal julle dit duidelik verstaan. **NOU DUSKANT SY WEDERKOMS.**

[Ons het geen reg om GOD te bevraagteken nie! HY weet presies wat HY doen! HY is die Almagtige, Alomteenwoordige, Alwyse God. HY doen NIKS wat wreed is nie, of nie reg is nie, of onregverdig is nie. Al lyk dit ook vir die mens so. HY ken en verstaan die hele situasie. Ons weet eintlik NIKS en kan maar met 'n geruste hart alles in SY BEKWAME HANDE laat.]

Jer 25:32 So sê die HERE van die leërskaare: Kyk, onheil gaan uit **van volk tot volk, en 'n groot storm word opgewek uit die** agterhoeke van die aarde.

Jer 25:33 En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.

Open 16:8 En die vierde engel het sy skaal op die son uitgooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei.

God het al in Egipte hael gebruik. Hy gaan dit beslis in die toekoms weer gebruik. [Exo 9:18 Die sewende plaag]

Exo 9:18 Kyk, Ek sal môre omtrent sulke tyd **'n baie swaar hael** laat reën soos wat in Egipte nie gewees het van die dag af dat dit gegrond is tot nou toe nie.

Job 38:22 Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien,

Job 38:23 wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?

Open 16:21 en groot hael, omtrent **'n talent swaar**, (60kg) het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel **en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12—maak jou klaar om jou God te ontmoet, Psm 38:19(b)ek is bekommerd oor my sonde

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

